Resensies / Reviews

- Talbert, C.H. 1992. **Reading John. A Literary and Theological Commentary on the Fourth Gospel and the Johannine Epistles**. New York : Crossroad. 284 pp.

  (*Jan A. du Rand*) 127

- Spangenberg, I.J.J. 1993. **Die boek prediker**. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. (Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente.) 175 bladsye. Prys R48,71.

  (*Louis C. Bezuidenhout*) 128

- Schnackenburg, Rudolf. 1992. **The Johannine Epistles. Introduction and commentary**. Translated by Reginald and Ilse Fuller. New York : Crossroad. XV + 320. 39 US Dollars.

  (*J.C. Coetzee*) 129

- Louw, Daniël. 1993. **Liefde is vir altyd.** Kaapstad : Lux Verbi. 159 bladsye. Prys R47.

  (*C.J.H. Venter*) 131

- Van der Marel, M.P. (samesteller) 1988. **Registers op de Dogmatische studiën van dr. G.C. Berkouwer**. Kampen : Kok. 155 bll. R89,02.

  (*J.H. van Wyk*) 132

- Du Toit, H. & Kruger, P. *red.* 1990. **Geroep tot eenheid. Gesprekke ter wille van die heling van die breuk tussen die GKSA en NGK**. Orion : Halfway House. 187 p. Prys onvermeld.

  (*Frans van der Walt*) 133

Resensies / Reviews

TALBERT, C.H. 1992. Reading John. A Literary and Theological Commentary on the Fourth Gospel and the Johannine Epistles. New York : Crossroad. 284 pp.

Resensent: Jan A. du Rand (Dept. Bybelkunde, RAU)

Tereg sou 'n mens kon vra of daar werklik behoefte is aan nog nuwe kommentare op die Johannes-evangelie en -briewe ná die verskyning van die kommentare op die Evangelie deur Brown (1966, 1970), Schnackenburg (1965, 1971, 1975), Beasley-Murray (1987) en Carson (1991), en op die Briewe, deur Schnackenburg (1979), Brown (1982), Smalley (1984) en Klauck (1992), om slegs enkeles te noem. Die moontlikheid dat ou bene in nuwe kiste oorgepak word, bly steeds 'n gevaar.

Dit lyk of Talbert bewus is van dié problematiek. Daarom spesifiseer hy as algemene redakteur van die reeks "Reading the New Testament", die reeks as 'n kommentaarreeks wat ten doel het "... to present cutting-edge research in popular form that is accessible to upper-level undergraduates, seminarians, seminary educated pastors and educated laypeople, as well as graduate students and professors" (1992:xi). Die leserspektrum word wyd gestel en die hoofklem val op die popularisering van wetenskaplike navorsingsbevindinge.

Talbert se metodologiese aanpak is eiesoortig. Die teks word as sodanig gelees in die raamwerk van 'n verstaan van die groter geheel van 'n gedagtegang, dit wil sê, dit is nie 'n kommentaar wat fokus op 'n teks vir teks of woord vir woord ontleding nie. Hierdie benaderingswyse bring mee dat die kommentaar soos 'n teologiese monografie lees wat die andersheid daarvan tipeer. Besonder stimulerend is die gedurige soeke na die teologiese kern van die gedagte-eenhede ingebed in die teks. Dit wek die indruk dat Talbert ten minste ernstig poog om die teologiese boodskap van die geskrif self aan die woord te stel. Vir die prediker is dit baie werd. Talbert gee ook besonder aandag aan die konteks, in die sin van die Joodse en Grieks-Romeinse agtergrond. Daarvoor maak hy vrylik gebruik van direkte aanhalings uit kontemporêre nie-Bybelse bronne, soos veral die *Testament van die Twaalf Patriarge*, *Josefus* se geskrifte, *Henog, 2 Esra, Barug*, om die belangrikstes te noem.

Talbert verdeel die Evangelie van Johannes in sewe episodes of gedagte-eenhede: 1:1-18; 1:19-2:11; 2:12-12:50; 13:1-17:26; 18:1-20:29; 20:3-31 en 21: 1-25. Elke gedagte-eenheid word dan eers gemotiveerd afgebaken en gestruktureer. Daarna word die inhoud volgens die onderdele van die gedagte-eenheid behandel met die

klem op die teologiese boodskap daarvan. Dikwels word 'n gefundeerde ekskurs bygevoeg, soos byvoorbeeld by Johannes 6 oor die Nagmaal (pp. 139-142).

Dit is 'n winsmoment dat Talbert die Johannesbriewe saam met die Johannesevangelie in dieselfde bundel behandel. Hy redeneer egter teen die groot stroom van eksegete in dat die Briewe voor die Evangelie geskryf is, of ten minste gelyktydig; daarom kom die kommentaar op die Briewe eers aan die orde en daarna dié op die Evangelie. Talbert se motivering vir so 'n volgorde van eers die Briewe, dan die Evangelie, oortuig egter nie.

Die titel van die reeks: "Reading the New Testament" is verwarrend. Van 'n wetenskaplik gedefinieerde 'lees' van die teks in die sin van die narratologiese of resepsieteoretiese kom niks tereg nie. Talbert se lees is nie tegnies en terminologies verantwoord nie en kom eintlik neer op 'n naïewe lees van die teks. Hierdie werkwyse doen ongelukkig afbreuk aan die wetenskaplike gehalte van die kommentaar maar nie aan sy bruikbaarheid op populêre vlak nie – aan 'n populêre leserkring word 'n verstaanbare uitleg gebied wat ook nog maklik lees. Samevattend kan gesê word dat Talbert se boek iewers tussen 'n kommentaar en 'n monografie sweef – 'n tipering wat dit moeilik maak om dié werk onvoorwaardelik aan te beveel.

SPANGENBERG, I.J.J. 1993. Die boek Prediker. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers (Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente) 175 bladsye. Prys R48,71.

Resensent: Louis C. Bezuidenhout (Departement Bybelkunde, UP)

Alhoewel daar talle kommentare op die boek Prediker verskyn het, bevredig hierdie publikasie tog 'n bepaalde behoefte. Die teks is eenvoudig en duidelik; tog getuig dit van deeglike navorsing en hoë akademiese kwaliteit.

Byna 'n kwart van die boek word afgestaan aan die inleiding. In die inleiding word die leser bekendgestel aan die literêre, filosofiese, historiese en teologiese konteks waarbinne die boek verstaan moet word, asook die ontstaansproses en samestelling van die boek. Hierdie deel is op sigself insiggewend: 'n oorsig oor verskillende vorms binne die wysheidsgenre word gegee en Prediker se siening van die dood word vergelyk met die vroeëre en latere Israelitiese sienings.

Die res van die boek bestaan uit die verklaring van die teks. Dit is verdeel in 34 eenhede waarin die volgende patroon gevolg word:

Aanvanklik word 'n vertaling van die eenheid gegee. Daarna word redes gegee waarom die gedeelte as 'n eenheid afgebaken kan word. Die eenheid word verder gesegmenteer en op elkeen van die segmente word kommentaar gelewer. Waar

daar interessante strukture voorkom, word dit grafies aangedui. Die outeur gee op 'n duidelike en bondige manier sy eie standpunt, maar dui tog aan waar kommentatore ander sienings huldig. 'n Mens kry egter die gevoel dat daar soms te kategories gekies word vir 'n bepaalde interpretasie. Soms leen die die Prediker hom tot ambiwalensie.

Ingewikkelde tekskritiese probleme word op 'n baie duidelike en verstaanbare manier gehanteer.

Aan die einde van die kommentaar op die eenheid word die strekking van die eenheid in sy geheel bespreek, asook die betekenis daarvan teen die agtergrond van die ou wysheidstradisie en die betekenis daarvan binne die konteks van die Bybel. Die Prediker maak stellings wat roep om 'n reaksie. Op 'n behendige manier maak die outeur die gedeelte ook op die hedendaagse lewe van toepassing.

Die persoonlike styl van die outeur is miskien vreemd in 'n kommentaar, soos byvoorbeeld die volgende sin op p. 134: "Tydens die bespreking van die vorige gedeelte het ek reeds daarop gewys dat ...", of die uitdrukkings "na my mening/ oordeel" wat dikwels voorkom.

Is dit billik dat daar gesê word: "God steur Hom nie ... Hy neem nie in ag ... nie ..." (p. 136)? Sou die Prediker werklik probeer om God se gesindheid weer te gee? 'n Mens kan wel sê dat jou optrede nie deur 'n geskikte lot beantwoord word nie.

Daar kan werklik min kritiek teen hierdie publikasie ingebring word. Die aanbieding is van so 'n aard dat dit deur enige gemeentelid verstaan en geniet sal word. Ook is dit van so 'n gehalte dat die gesoute akademikus dit met vrymoedigheid kan gebruik. Op grond hiervan word dié publikasie sterk aanbeveel.

SCHNACKENBURG, RUDOLF. 1992. The Johannine Epistles. Introduction and commentary. Translated by Reginald and Ilse Fuller. New York : Crossroad. XV + 320. 39 US Dollars.

Resensent: J.C. Coetzee
(Departement Ou & Nuwe Testament, TSP en PU vir CHO)

Hierdie publikasie is die Engelse (eintlik: Amerikaanse) vertaling van die Sewende Uitgawe (1984) van Schnackenburg se *Die Johannesbriefe* in die *Herders theologische Kommentar zum Neuen Testament* Bd XIII, 3, 1984.

Die naam Rudolf Schnackenburg het vir geen Nuwe-Testamentikus of wetenskaplik-aktiewe teoloog enige bekendstelling nodig nie. Tans 'n emeritus, was Schnackenburg dekades lank professor in Nuwe Testament – veral in die ekse-

gese – aan die Universiteit van Würzburg, Duitsland. Hy was en is steeds een van die mees-erkende outoriteite op die Johannese Geskrifte. Sy omvangryke, vierdelige kommentaar (ook in die Herder-reeks) op die Evangelie van Johannes is welbekend – en dit is ook reeds in Engels deur Crossroad uitgegee.

Soos vorige uitgawes, sedert die eerste in 1953, is ook die sewende uitgawe 'n indringende hersiening deur die skrywer. In die "Preface" tot hierdie Engelse vertaling gee Schnackenburg besondere erkenning aan die destyds pas verskene kommentaar van Raymond E. Brown (*The Epistles of John*, in The Anchor Bible-reeks, 1982). Hierdie gegewe verdien in 'n resensie vermelding omdat dit die "Bibliography" van Schnackenburg direk raak. Schnackenburg stel dit só: "In view of Brown's bibliography (pp 131-46) and the further bibliographical references to the individual sections, I have refrained from adding any further bibliography of my own" (xi). Terwyl dit prakties gesproke begryplik is, is dit tóg jammer omdat daar tussen 1984 en 1992 belangrike tersaaklike studies oor die Briewe van Johannes verskyn het.

Die feit dat Schnackenburg se indringende en omvangryke – 300 plus bladsye – kommentaar op die Briewe van Johannes nou eers, amper veertig jaar na die eerste publikasie in Duits, in 'n Engelse (Amerikaanse) vertaling vir die leser wat Duits nie so maklik beheer nie, beskikbaar gekom het, is enersyds hoogs te betreur. Andersyds is dit dalk 'n bedekte seën dat dit nou eers gebeur het, want sedert 1953, toe die eerste uitgawe in Duits verskyn het, is belangrike argeologiese vondste gemaak wat ingrypende hermeneutiese heroorwegings in die evaluering van die Johannese Geskrifte nodig gemaak het. As vakkundige op die gebied van die Johannese Geskrifte het Schnackenburg in hierdie sewende uitgawe, en nou die eerste Engelse uitgawe, hierdie nuwere ontwikkelinge verdiskonteer – *hoe goed* hy dit gedoen het, sal die ingeligte leser self moet beoordeel.

Die bladomslag by hierdie Engelse vertaling van die sewende hersiene uitgawe bring die belangrikheid dat juis (eers) die sewende hersiene uitgawe in Engels vertaal is soos volg onder woorde:

> Rudolf Schnackenburg's *Johannine Epistles* first appeared in German in 1953. Since then it has gone through seven editions, with two extensive revisions incorporating much recent research, particularly as a result of the discoveries at Qumram and of the gnostic texts at Nag Hammadi.

Aangesien hierdie kommentaar, in sy oorspronklike vorm reeds vanaf 1953 welbekend was in die keurige uitgawes van *Herders theologische Kommentar zum Neuen Testament*, het dit weinig sin om nou weer in detail op die inhoudelike in te gaan. Vir elkeen wat Schnackenburg as eksegeet ken, staan dit bo twyfel vas dat sy eksegese diepliggend, grondig en wetenskaplik verantwoord is/sal wees/behoort te wees.

Enkele opmerkings oor die opset is wel nodig:

* 1 Johannes kry verreweg die indringendste aandag: 266 bladsye teenoor die 35 bladsye oor 2 en 3 Johannes. Die aard en omvang van die drie boeke maak dit verstaanbaar.
* Die "Introduction" (3-47) op 1 Johannes dek basies die hele terrein van die besondere kanoniek. Heel sinvol begin Schnackenburg nie by die vrae oor die outeur, geadresseerdes en datering (wat wel in punt 7 aandag kry) nie, maar by die wesentlik belangrike vraag na die literêre genre van die boek. Anders as vele eksegete (die resensent ingesluit) wil hy 1 Johannes nie as 'n preek (homilie) sien nie, maar eerder as 'n leerstellige apologie (2).
* Kenmerkend van Schnackenburg se wyse van kommentariëring vind die leser ook hier 'n aantal (11!) ekskurse waarin hy vry intensief sentrale motiewe van die outeur se prediking bespreek. Hierdie ekskurse maak van die publikasie meer as net nog 'n goeie kommentaar: dit is terselfdertyd 'n insiggewende 'teologie' van 1 Johannes. Bo en behalwe vers vir vers kommentariëring kry die leser geheelbeelde van sentrale motiewe in die prediking van 1 Johannes. Dit is te verwagte dat nie alles wat Schnackenburg in die ekskurse sê algemene instemming sal vind nie.

Hierdie werk word ten sterkste aanbevaal by vakmanne, predikante en die ingeligte lesers.

LOUW, DANIËL. 1993. Liefde is vir altyd. Kaapstad: Lux Verbi. 159 bladsye. Prys R47

Resensent: C.J.H. Venter
(Departement Diakoniologie & Missiologie, PU vir CHO)

Danie Louw se boeke oor die huwelik, huweliksopbou en gesinsverryking is in teologiese kringe en daarbuite goed bekend. Hierdie nuutste toevoeging *Liefde is vir altyd*, sit hierdie belangstellingstradisie van die skrywer voort.

In hierdie huweliksgids word die volgende aspekte behandel: "Wees eerlik met mekaar"; "Julle huwelik kan werk"; "Ontdek God se plan met jul huwelik"; "Leer jouself ken"; "Wees lief vir mekaar"; "Praat met mekaar en luister na mekaar"; "Gebruik verskille en botsings om te groei"; "Leer om spanning betyds te hanteer"; "Geniet mekaar se liggame"; "Hou aan om te groei".

Wat opval in hierdie werk is die volgende: Eerstens is die werk teologies goed begrond. Daar is baie huweliksgidse wat eensydig óf die psigiese óf die fisieke

aspekte as't ware oorbelig. Die skrywer skryf hier vanuit 'n teologiese paradigma maar bring op kundige wyse alle fasette van die huwelik ter sprake.

Tweedens het ons hier te doen met 'n werk wat op die huwelikspraktyk gerig is. Dit is met ander woorde nie net 'n leerboek nie, maar ook 'n werkboek voor en vir en in die huwelik. Die skrywer slaag daarin om op 'n eenvoudige wyse teorie en praktyk sinvol byeen te bring. Die vraelyste wat huwelikspare moet deurwerk, is eenvoudig, doeltreffend en op die punt af.

Wat ons hier het, is nie primêr 'n wetenskaplike werk soos Louw se ander teologiese werke oor huwelik en gesin nie. Wel speel hier 'n wetenskaplike inslag deur in die logiese gang en hantering van stof, maar dan op 'n heel eenvoudige wyse wat die boek vir baie mense toeganklik maak tot huweliksopbou en -uitbou. Vir hierdie doel beveel ek Louw se werk graag aan.

VAN DER MAREL, M.P. (samesteller) 1988. Registers op de Dogmatische Studiën van dr. G.C. Berkouwer. Kampen : Kok. 155 bll. R89,02.

Resensent: J.H. van Wyk (Departement Dogmatologie, HTS en PU vir CHO)

Van der Marel het 'n groot en belangrike taak verrig deur registers op die dogmatiese studies van Berkouwer saam te stel.

Hierdie werk bestaan uit 'n inhoudsopgawe van die dogmatiese studies (19-23), 'n register van begrippe (25-67), 'n register van name (69-114), 'n register van Bybeltekste (115-133) en 'n register van konfessionalia (137-152). Die boek sluit af met 'n lys van *corrigenda* op die dogmatiese studies (153-155).

Daarby is daar as inleiding 'n waardebepaling van die teologie van Berkouwer geskryf deur H.M. Kuitert (9-18). Hierin gee Kuitert aandag aan die rol van Berkouwer in die resente geskiedenis van die gereformeerde teologiebeoefening, oor Berkouwer se metode (korrelasie as legitimasie), die kenmerke van Berkouwer se teologie en die *usus practicus* van die dogmatiese studies. Die artikel is redelik oorsigtelik van aard en is byvoorbeeld nie van dieselfde gehalte – dis ook veel korter – as die uitnemende artikel van S. Meijers oor die teologie van Berkouwer wat in *Die idee van reformasie* (1991. Potchefstroom : PUCHO) verskyn het nie.

Vir diegene wat nie die voorreg gehad het om Berkouwer se dogmatiese studies te lees soos hulle verskyn het nie, en wat nie die tyd – of moed – het om agterna in te haal nie (18 boekdele!), bied die registers verskillende toegangspoorte. Tereg wys Kuitert daarop dat daar in die dogmatiese studies veel *Predigthilfe*

gevind kan word en in hierdie verband is die register op Bybeltekste besonder handig.

'n Uiters welkome toevoeging en handige naslaanwerk.

DU TOIT, H. & KRUGER, P. *red.* **1990. Geroep tot eenheid. Gesprekke ter wille van die heling van die breuk tussen die GKSA en NGK.** Orion : Halfway House. 187 p. Prys onvermeld

Resensent: Frans van der Walt (Geref. Kerk Bellville-Oos)

Die verhouding tussen die NGK en die GKSA kom in hierdie boek onder die soeklig. Verskeie aspekte van die verhouding word bespreek, onder andere ons Skriftuurlike roeping tot eenheid, eenheid ten opsigte van ons roeping as kerke na binne en na buite, 'n evaluering van die gesprek gevoer deur die TKK, asook die verhouding vanuit kerkordelike hoek. Die kerkhistoriese perspektief ontbreek nie, maar kom (eksplisiet) eers aan die einde van die bundel aan die beurt (Spoelstra, Brown). Die samestellers het die boek van 'n inleiding ("ouverture") voorsien.

Die publikasie is bedoel "as 'n verkenning en om stimulerend in te werk en 'n oproep te doen tot 'n wyer en intenser besinning, gebed en aksie". Hoewel die bydraes van goeie teologiese gehalte is en van deeglike navorsing getuig, is die bedoeling nie dat die boek net deur teoloë gelees word nie. 'n Deurlopende lyn van die artikels is juis dat daar ook *plaaslik* oor die eenheid besin en gepraat word (Van Wyk, Coetzee, Gaum). Die boek is ook bedoel vir die belangstellende lidmaat en sal hom in staat stel om ingelig saam te dink, te praat en te werk.

J.H. van Wyk skryf 'n Skriftuurlik verantwoorde bydrae oor ons roeping tot eenheid, maar hy skryf ook as iemand wat op "voetsoolvlak" betrokke was en is by die gesprek. Wat Jonker oor die katolisiteit van die kerk skryf, is belangwekkend. Eenheid is nie uniformiteit nie en by ware katolisiteit is daar ruimte vir verskeidenheid. Dat die kerk 'n genootskap van absoluut soortgenote en gelykgesindes is, is ook maar 'n histories bepaalde kyk op die kerk.

Uiteraard kan al die bydraes nie hier bespreek word nie. Die waarde van die werk is dat 'n verskeidenheid aspekte van die verhouding bespreek word en dat daar 'n appél uitgaan van die bundel as geheel, ook op die gewone lidmaat. Daarvoor aan die samestellers ons dank.